Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 31 – SEPTEMBER 2019

Geagte ouers

PERSONEEL
Baie geluk aan Me. Charmonix van der Westhuizen wat op 9 September verjaar het.

DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2019:

9 September	Tennis: Skoolkampioenskap
10 September	**Toets: Wiskunde: Gr 4 – 7** Tennis: Skoolkampioenskap Sagtebal: Kwarteind (Dogters) Krieket: O/12A – Tuis teen Pretoria-Oos en O/12B weg teen Pretoria-Oos
11 September	Tennis: Skoolkampioenskap
12 September	18:30 Expo Graad 1 – 7 in saal Tennis: Skoolkampioenskap Sagtebal: Semi finale **ATLETIEK-UITDUNNE GRAAD R – 3 OP VELD IN SKOOLTYD** **ATLETIEK-UITDUNNE MIDDELAFSTANDE GRAAD 3 – 6 OP VELD IN SKOOLTYD**
13 September	Redenaars: Kansvatter Leieraansoeke ingehandig Tennis: Skoolkampioenskap Hokkie teen Mayville (by Hoërskool Overkruin) **MARKDAG GRAAD 7 OP VELD VANAF 07:30 – 9:30** **ATLETIEK-UITDUNNE GRAAD 4 – 6 OP VELD VANAF 10h00**
14 September	Redenaars: Kansvatter Junior Revue KykNet finaal Mini-hokkie by Laerskool Danie Malan
16 September	GF: Rapporte na ouers
17 September	Uitstappies: Gr 2 – 5 – LEERDERS DRA VRYDAGDRAG GF: Rapporte na ouers (nie meer op hierdie datum maar op die16de) **18:30: Leier-inligtings-vergadering vir Gr 6 ouers in saal** **ALLE GROENBOEKIES INGEHANDIG.**
18 September	17:30 – 19:00: Grondslagfase oueraand
19 September	**Markdag en Atletiek-uitdunne geskuif na 12 en 13 September** Sagtebal: Finaal
20 September	**11:00 - SKOOL SLUIT** Waterkaskenades vanaf 8:00 – 11:00. Leerders betaal R80.

NB!!!! UITTEKEN VAN LEERDERS GEDURENDE DIE SKOOLDAG
Geagte ouers wanneer ‘n ouer net by die skool opdaag om sy / haar kind uit te teken en daardie leerder uitgeroep moet word is dit uiters ontwrigtend. Hierdie praktyk het so handuit geruk dat die skool se navrae toonbank bykans tot stilstand kom en klasse konstant ontwrig word veral op Vrydae.

- “Geen ouer het die reg om ‘n leerder sonder ‘n geldige rede uit die skool te hou nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Vakansie en privaatsake is nie ‘n geldige rede nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).

- Indien ‘n leerder wel met ‘n geldige rede gedurende die skooldag die skool moet verlaat, moet die skool ten minste die dag voor die tyd daarvan verwittig word per brief deur die ouer. Geen e-posse, fakse of sms’e sal aanvaar word nie, slegs ‘n brief met die oorspronklike handtekening van die ouer.
- Hierdie brief word deur die leerder aan die graadhoof sowel as die betrokke vakpersoneel getoon. Die personeel teken dan die brief.
- Op die gegewe dag en tyd wat die leerder die skool moet verlaat, sal die leerder self verskoning maak by sy / haar vakonderwyser en die brief toon.
- Geen leerder sal meer net uit ‘n klas geroep word nie.
- ‘n Leerder sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien die wettige ouer of voog sodanige leerder self kom afhaal, geen leerder sal op eie verantwoordelikheid toegelaat word om die terrein te verlaat nie.
- Ouers wat hul leerders op Vrydae vroeër wil kom uitteken sonder ‘n bewys van ‘n doktersbrief moet die leerders by die hoof kom uitteken en nie meer by ontvangs nie.

AFLEWERINGS GEDURENDE SKOOLTYD

Neem kennis dat enige items wat afgelewer word, eers voor ‘n pouse uitgedeel sal word. Geen leerder sal gedurende klastyd geroep word nie.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam sal plaasvind op Maandag 14 Oktober 2019 om 18:30 in die skoolsaal. Alle ouers word genooi om die vergadering by te woon. Tydens die vergadering sal die begroting vir 2020 bespreek en goedgekeur word. Die begroting is vanaf 1 Oktober 2019 by die kantoor ter insae. Maak ’n afspraak by die kassiere indien u dit wil besigtig. Die goedgekeurde jaarstaat van 2018 sal ook by hoof beskikbaar wees. Indien ons nie ’n kworum bereik met die vergadering op 14 Oktober 2019 nie, sal die Algemene Jaarvergadering op 23 Oktober 2019 plaasvind om 18:30.

GRAAD 6 OUERVERGADERING

Op **Dinsdag, 17 September 2019** sal daar 'n vergadering wees vir alle Gr 6 ouers wie se kinders aansoek gedoen het vir leierskap. Die leierbeleid, wat u kind reeds ontvang het, sal bespreek word sodat alle ouers presies weet wat om te verwag. Ons bespreek die beleid met die leerders ook. Ons sal dit waardeer as al die ouers wie se leerders aansoek gedoen het die vergadering bywoon. **NEEM KENNIS DAT DIE VERGADERING UITGESTEL IS VAN 29 AUGUSTUS NA 17 SEPTEMBER 2019.**

GRAFFITI

Eerste plek:

- Micheyla Joubert Graad 6F5
  Mikaela Opperman Graad 6F5
- Crishelle Nieuwoudt Graad 6F3
- Zelmarie Nel Graad 6F5
- Mignon Kilian Graad 6F5
- Julinka Landsberg Graad 6F3
- Carien Meyer Graad 6D2

Tweede plek:

- Kaelo Muhammed Graad 6D2
- Megan Lingenfelder Graad 6D2
- Danika Holtzhausen Graad 6D2

Derde plek:

- Danielle Bierman Graad 5D1
- Cheyenne Pieterse Graad 5D1
- Anchen Gerber Graad 5D1
- Liané Schutte Graad 5D1

Troosprys:

- Lené Grimbeek Graad 5D7

Mooi so julle!! Ons is trots op julle!

TENNIS

Die uitslae van die wedstryde gespeel deur die week is as volg:
O/11 seuns I wen 40-10 teen Tygerpoort
O/11 seuns III verloor 39–4 teen Villeria
Baie geluk aan die 0/11 seuns I wat gewen het. Ons is trots op julle.

LANDLOOP

Nege van ons atlete het op Saterdag 7 September 2019 aan die SA Kampioenskappe deelgeneem. Baie geluk aan die volgende atlete wat pragtig presteer het.

Kaylen Nieman	O/11	2de
Christiaan Brits	O/9	2de
Marcel Brits	O/12	16de

Natalie Moreland	O/11	22ste
Stephan van Wyk	O/13	25ste
Lenei Conradie	O/9	34ste
Simoné de Koker	O/11	46ste
Schalk Fourie	O/13	50ste

Dit is 'n groot prestasie en ons is baie trots op julle!

SAGTEBAL

Die volgende O/12 en O/13 seuns en dogters is in die finale proewe wat 16 September plaasvind.

Dogters:

1. Chriselle Nieuwoudt
2. Alecia Venter
3. Chandrie Kruger

Seuns:

1. Davie-Jay Pieterse
2. Ashton Steyn
3. Helloy Ilunga
4. Anthony Grobler
5. Schalk Fourie

Baie sterkte!

HOKKIE

Die hokkie uitslae van die afgelope week is as volg:

- O/7 - Speel 6 wedstryde, wen 2, speel 1 gelykop en verloor 3.
- O/8 - Speel 6 wedstryde, wen 4, verloor 1 en speel 1 gelykop.
- O/9 - Speel 6 wedstryde, wen 5, speel 1 gelykop.

Ons is trots op julle!

KRIEKET

Die uitslae van die krieket soos gespeel teen Voorpos is as volg:

Span	Wen/ verloor	Kolwer	Bouler	Veldwerker
O/9A	Verloor	Heinu van Niekerk	Liam Vorster	Geen
O/9B	Verloor	Reinhardt Robinson	Marinus Janse van Rensburg	Geen
O/10A	Wen	Jayden Schoeman en Frank van der Westhuizen	Frank van der Westhuizen	Frank van der Westhuizen
O/11A	Wen	Jeandre Joubert	Rohan Louw	Wian van Heerden
O/12A	Verloor	Ulrich Breytenbach	Ulrich Breytenbach	Hendrew Schoeman
O/13A	Wen	Ray Matthews	Arno Badenhorst	Wickus Janse van Rensburg

Baie geluk aan die spanne wat presteer het. Ons is baie trots op julle!

WATERKASKENADES

Op 20 September 2019 moet elke Danie Malannetjie hul sonblok & handdoek onthou, want ons gaan groot pret hê! Vir R80 kan elke leerder 3 ure se vet pret beleef van 08:00 – 11:00. Daar gaan 17 verskillende speelstasies wees en dus definitief iets vir almal! Betaal jou R80 by jou voogonderwyser voor of op Maandag 16 September. Die skool kom normaalweg 11:00 uit. Daar sal aparte glybane vir die Graad R leerders wees by hul sentrum.

GELUKKIGE TREKKING KAARTJIES

LAASTE DAG OM IN TE HANDIG IS 17 SEPTEMBER 2019. DIE LEERDERS GAAN 'N GRATIS PERSONEELKONSERT BYWOON AS ONS 'N WINS VAN R50 000 MAAK. PROBEER OM TEN MINSTE EEN BOEKIE TE VERKOOP.

Hierdie fondsinsameling vervang ons Golfdag.

- Kaartjies kos R10 per kaartjie. Daar is tien kaartjies in die boekie.
- 'n Vol boekie kos R100. Die leerder ontvang 'n pakkie chips vir elke vol boekie wat ingehandig word.
- Deelnemers wat kaartjies koop kan die volgende pryse wen:
    - 1ste prys R4 000
    - 2 de prys R2 500
    - 3 de prys R2 000
    - 4 de prys R1 000
    - 5 de prys R500
- Leerders wat die meeste kaartjies in hul graad verkoop het mits hul minstens 10 boekies verkoop het sal 'n R500 prys ontvang. (Mits dit 10 boekies is)
- Die leerder (ongeag watter graad), wat die meeste boekies verkoop kan 'n Tablet of R2000 wen, maar die leerder moet 10 of meer boekies verkoop het.

- Stuur asseblief dadelik die boekie terug indien u nie die kaartjies gaan verkoop nie, sodat iemand anders dit kan verkoop.
- Ons sal dit waardeer indien elke leerder probeer om een boekie te verkoop.
- Daar is ’n boete van R100 betaalbaar vir elke boekie wat verloor is. Ouers moet ook ’n beëdigde verklaring by die polisie gaan aflê indien dit gebeur.
- U moet voorop die boekie aandui vir watter aktiwiteit u die geld wat ingesamel is wil skenk. U kan net een aktiwiteit per boekie kies.

EK HET KARAKTER (GRONDSLAGFASE)

Baie geluk aan die volgende leerders wie se waarde rytjies almal vol is. Hul dra ‘n kenteken daarvoor met die woorde “Ek het karakter”. **Lianie Potgieter, Alyssa Jones, Jenay Heyneke, Paul-Franco Botha, Amoré Breytenbach, Jonathan Harrison, Mieke van den Heever, Marcelle Swanepoel, Lienka van Niekerk, Elein Liebenberg, Leila van der Westuizen, Liné van Zyl, Isabella Coetzee, Hané Janse van Rensburg, Naluschna Botha, Thea-Lee van Kleeff, Sunet Bennemeer, Ascani Aiden, Paul-Franco Botha, Amoré Breytenbach, Avangeline Britz, Divan Deyzel, Chandri Du Plessis, Jonathan Harrison, James-Dean Klinghardt, Saul Oelofsen, Liam Scheepers, Naudé Scholtz, Luan Trollip, Angelique Field en Kayla Weber.** Hierdie is ’n besondere prestasie. Baie geluk aan hulle en sterkte met die volgende waarde rytjies wat jy nou gaan volmaak. Sterkte ook aan al die leerders wat hard werk vir hul waarde-plakkers.

HERWINNING:

Stuur asb. elke Dinsdag u blikkies, papiere en tydskrifte en bottels na die skool vir ons “Liewe Aarde herwinningsprojek”.

BELONING – VRYDAG 13:00

Op Vrydag 13 September 2019 verdaag die Gr 1 - 7 leerders om 13:00. Die Graad 5 leerders help die week met ekstra opruiming.

ONBEKENDE DEPOSITO’S

Die volgende elektroniese betalings is ontvang, die verwysingsnommers is foutief, en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2019-08-21	Opsie 1 Kleurfees	R100.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: u moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOP OEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis middelafstand oefening by **Hoërskool Pretoria-Noord** van 17:00 – 18:00. Skakel asb. die afrigter Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 ’n gratis “Parkrun” van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir ’n “parkrun” en neem u hele gesin vir so ’n uitstappie op ’n Saterdag.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 000 per geleentheid, met ’n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith

AFSKEURSTROKIE

WATERKASKENADES:

Hiermee gee ek _____ ouer van_____ in Gr____ toestemming dat my kind mag deelneem aan die Waterkaskenades op 20 September 2019.

Handtekening: _____ Selfoonnommer: _____

ATLETIEK: DONDERDAG 12 September
Uitdunne:(Gr R – 3)
Langafstande (Gr 3 – 6)

	Gewigstoot/ Shot put	Verspring/ Long jump (45)	Hoogspring/ High jump	Naellope/ Sprints	1200m/1500m
Gr R (0/6)				09:00 – 09:30	
Gr 1 (0/7)				09:30 – 10:00	
Gr 2 (0/8)				10:00 – 10:30	
Gr 3 (0/9)	12:00 – 12:40	12:40 – 13:20	13:20 – 14:00	10:30 – 11:00	11:30 – 11:50
Gr 4 (0/10)					13:00 – 13:20
Gr 5 (0/11)					13:20 – 13:40
Gr 6 (0/12)					13:40 – 14:00

ATLETIEK EN MARKDAG: VRYDAG 13 September

	Gewigstoot/ Shot put	Verspring/ Long jump (45)	Hoogspring/ High jump	Naellope/ Sprints
0/10 (Gr 4)	12:20 – 13:00	11:00 – 11:40	11:40 – 12:20	10:00 – 10:20
0/11 (Gr 5)	11:40 – 12:20	12:20 – 13:00	11:00 – 11:40	10:20 – 10:40
0/12 (Gr 6)	11:00 – 11:40	11:40 – 12:20	12:20 – 13:00	10:40 – 11:00

Markdag (Gr 7)

Program	
07:30 – 09:30	Markdag
09:30	Gr 7 Pak op en maak skoon
10:00	Program begin

Broodjiehuis

Ons benodig asseblief dringend **graankos**, MELK en **suiker** vir die broodjiehuis. Enige skenkings kan by die kantoor ingegee word en word opreg waardeer.

Projekte | Projects

Blikkies | Tins

60 Blikkies | Tins = 1Kg
30 Blikkies | Tins = 0,5Kg

2L Plastiek bottels |
2L Plastic bottles

20x2L Bottels =1Kg
20x2L Bottles =1Kg

500ml Plastiek bottels |
500ml Plastic Bottels

38x500ml Bottels =1Kg
38x500ml Bottles =1Kg

Alle blikkies en bottels moet plat gemaak word voordat dit in gehandig word |
All tins and bottles must be flattened before handing them in

Die Omgewing:

Ons moedig die gemeenskap aan om te herwin.
Die gemeenskap / publiek kan by die skool herwinbare produkte aflos.

The Area:

We encourage the community to recycle.
The Community / Public will also be able to dispose of their recyclables at school

Wat kan deur die publiek herwin word ? | What can be recycled by the public ?

Plastiek sakke|
Plastic bags

Plastiek bottels |
Plastic bottles

Bokse |
Boxes

Papier |
Paper

Blikkies |
Tins

Alle herwinbare produkte moet self skoon en gesorteer wees.
All recycled products must be cleaned and sorted.


WIRELESS & FIBRE
INTERNET SERVICE PROVIDER
TEL: 010 132 9004
MAIL: INFO@JUMBOTECH.CO.ZA
JUMBO
TECHNOLOGIES